



**Hoërskool Roodepoort
Afrikaans HT
Graad 8
Taak 11: Vraestel 3**

Eksaminator: M Swanepoel

Moderator : C van Niekerk

Tyd: 2 uur



Punte: 30 punte

Datum: 2 November 2016

Eerste sessie, Woensdag

TAAK 11 : Opstel en Langer transaksionele tekste

- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: OPSTEL (20)
AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS (10)
- Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
- Skryf in die taal wat geassesseer word.
- Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**
- Jy moet jou skryf stukke beplan, redigeer en proeflees.
Doen die beplanning VOORDAT jy die eerste poging skryf.
- Trek 'n lyn deur jou beplanning en eerste poging wanneer jy klaar is.
- Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**
- Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
Tel en skryf jou woorde neer aan die einde van jou finale weergawe.
- Skryf netjies en leesbaar in blou ink.
- Die volgende is 'n riglyn om jou tyd te bestuur:
 - 80 minute vir Afdeling A
 - 40 minute vir Afdeling B



AFDELING A: Opstel

VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van **200 – 250 woorde oor EEN** van die volgende onderwerpe.
- Skryf die **nommer en die titel** van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek het uiteindelik besluit om daardie tas uit te pak. Beskryf wat alles in die tas is en hoekom dit jou so lank geneem het om dit uit te pak. (20)

OF

1.2 Skryf 'n storie wat die die leser bang sal maak vir die donker. (20)

OF

1.3 Woorde wat seergemaak het ... (20)

OF

1.4 Skryf 'n opstel waarin jy 'n nuwe spook is wat 'n plek soek om te bly. Jy moet in die opstel verduidelik waarom elke plek nie aan jou standaard voldoen nie. (20)

OF

1.5 Kies EEN van die prentjies en skryf 'n opstel daaroor. Jy moet 'n titel aan jou storie verskaf.

1.5.1



1.5.2



(20)

TOTAAL VIR AFDELING A: 20

AFDELING B: Transaksionele teks

VRAAG 2

- Kies **EEN** onderwerp en skryf **140 – 160 woorde** daaroor.
- Skryf **die nommer en die opskrif** van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 Lees die volgende uittreksel uit “**Leerders wil langer skoolgaan**” uit Huisgenoot, 2 September 2013. Skryf ‘n **DIALOOG** waarin jy en iemand anders oor die uittreksel gesels en jul menings deel.

Onthou die volgende:

- Daar is slegs **TWEE persone** aan die woord.
- Gebruik die regte formaat.

(10)

Leerders wil langer skoolgaan

Deur Huisgenoot Digitaal

Leerders is ten gunste van ’n langer skooldag om ’n derde taal aan te leer, het ’n studie deur Pondering Panda Vrydag bevind.

“Daar is bevind dat byna drie uit vyf leerders (59 persent) voel dat dit ’n goeie idee is . . . dat die skooldag met ’n uur vir gr. 4 tot 12 verleng word,” het die woordvoerder, Shirley Wakefield, in ’n verklaring gesê.

Die maatskappy het in Augustus selfoononderhoude met 2 906 leerders tussen 13 en 24 landwyd gevoer.

’n Derde het gedink dis ’n slegte idee, terwyl 9 persent geen opinie oor die saak gehad het nie.

Wakefield het gesê die ondersoek is ’n duidelike aanduiding dat jong mense graag wil leer.

“Leerders het ook hul geesdrif om ’n derde taal aan te leer getoon en weer hul ondersteuning vir die onderwysdepartement se voorstelle getoon.”

In die verslag is verder bevind dat swart en bruin leerders meer belangstel om wetenskap en wiskunde te leer, pleks van ’n derde taal.

“Indien ’n verpligte verlenging van die skooldag ingestel word . . . het 56 persent gesê dat hulle liever die ekstra tyd wil bestee aan wetenskap en wiskunde. Vergeleke hiermee was 38 persent ten gunste daarvan om ’n ander taal te leer.”

– Sapa

OF

2.2 Ontwerp 'n **PLAKKAAT** van **140 – 160 woorde** oor **EEN** van die volgende probleme en dui aan watter oplossings daarvoor bestaan:


Jou plakkaat moet die volgende bevat:

- 'n Opskrif
- **Sewe (7) wenke/redes/oplossings vir die probleem.**
- "lets" wat die leser se aandag sal trek.

Onthou die volgende:


- Kleur en spasiëring dra by om die boodskap oor te dra.
- Illustrasies help om aandag te trek.
- Hou jou plakkaat eenvoudig. Laat genoeg spasie oop – onthou minder is beter.
- Sorg dat jou taalgebruik en illustrasies pas by die teikenmark, maar hou jou taal altyd suiwer.

2.2.1 Die November-eksamen is om die draai. Ontwerp 'n plakkaat om leerders te help met studiewenke. (10)



OF

2.2.2 Sommige tieners gee onnodig 'n slegte naam aan ander tieners met die slegte goed wat hulle aanvang. Nie almal is moeilikheidsmakers nie. Ontwerp 'n plakkaat wat die positiewe eienskappe van tieners uitbeeld. (10)



TOTAAL VIR AFDELING B: 10